

## Tweede Sensus: Openbaring oor die Here

**Num 26:1-4, 26:51-65, 27:1-11**

**3 Oktober 2021**

1. Num 27-36: Laaste hoofdeel van Numeri. Sensus en voorbereiding om land in te neem. (Vgl met Num 1-10: Sensus en voorbereiding om land in te neem)
2. Die tweede sensusopname (Num 26:1-65)
  - a. Na die plaag (vs 1) van Num 25, toe eerste geslag klaar uitgesterf het (v 65)
  - b. Doel: (1) Militêre doel (v2) (2) Basis vir verdeling van die land (v52-56)
  - c. Resultate:
    - i. Detail oor stamme en families
    - ii. Sommige stamme het gegroeï en ander gekrimp – veral Simeon krimp van 59 300 (Num 1:23) tot slegs 22 000 (v14) – omdat Simri uit Simeon was? (Num 25:14)
    - iii. Groottaal bykans onveranderd: 603 550 (Num 1:46) vs 601 730 (v51)
      - Dramatiese groei in Egipte (Eks 1:5-7) vs geen groei sedert Sinai
      - Talle insidente sedert Sinai wat groot impak op getalle gehad het
    - iv. Leviete: 22 000 (Num 3:39) vs 23 000 (v62)
  - d. Treffende eienskappe van die Here:
    - i. Getrouwheid van die Here
      - Hou steeds Sy verbondsbeloftes aan Abraham
      - Hou steeds Sy oordeelsaankondiging by Kades-Barnea
      - Vgl 1 Pet 2:6-8 – Jesus is hoeksteen en struikelblok
    - ii. Grootheid van die Here
      - Plan van die Here het meer as 20 jaar gelede al voorsiening gemaak vir die 24 000 wat in Num 25 se plaag sterf
      - Volk op Moabsvlakte is jonger en meer vertroud met die Here se insettinge as die volk by Sinai
      - Die Here is soewerein, wys, almagtig, versorgend
3. Josua en Kaleb
  - a. Was getrou by Kades-Barnea, het geduldig gewag vir 38 jaar, bly glo dat hulle die beloofde land sal binnegaan, ten spyte van geslag wat rondom hulle uitsterf – voorbeeld van getroue oorblyfsel
  - b. Word jy soms moedeloos met traagheid van gelowiges om jou? Mag jy volhou soos Josua en Kaleb
4. Dogters van Selofgad
  - a. Deel van Manassestam
  - b. Situasie: Selofgad is dood, hulle het nie broers nie, is nie getroud nie (Num 36:3) – dus verskyn hulle nie in sensus nie, dus gaan hulle nie deel van land erf nie.
  - c. Hulle bring dit voor die volk, Moses bring dit voor die Here, die Here sê “hulle praat reg”, en gee bindende voorskrif wat voortaan moet geld
  - d. Toepassings:
    - i. Dogters maak aktief seker daar is plek vir hulle in die beloofde land
      - 5 Wyse diensmeisies
      - 2 Pet 1:10 – Bewys julle roeping en uitverkiesing deur julle lewens
    - ii. Maak seker jy nooi almal uit na die koninkryk – soos Jesus: weduwee van Nain (Luk 7:11-17), Samaritaanse vrou (Joh 4), 10 melaatses (Luk 17)